**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Appèl Nr. : A352/2004**

In die appèl tussen:

**JOHANNES HENDRIK SNYDER + 3 ANDER** APPELLANTE

en

**DIE STAAT** RESPONDENT

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* CILLIé R

---

**AANGEHOOR OP:** 18 APRIL 2005

---

**UITSPRAAK:** CILLIé R

---

**GELEWER OP:** 5 MEI 2005

---

[1] Die vier appellante, almal lede van die SAPD, is in die landdroshof skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Elk is gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf wat ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977 opgelê was, plus 'n verdere 6 maande

gevangenisstraf welke laasgemelde gevangenisstraf egter in die geheel opgeskort was vir 4 jaar op voorwaarde dat die appellante nie weer skuldig bevind word aan 'n misdryf van aanranding of roof gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie en waarvoor die appellante gevonnis word tot direkte onopgeskorte gevangenisstraf van meer as 3 maande. Al vier is ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit. Hulle kom in hoër beroep teen beide hul skuldigbevindings en die opgelegde vonnisse.

[2] Die skuldigbevindings spruit voort uit gebeure wat plaasgevind het die nag van 12/13 Februarie 2002 in die omgewing van Bethlehem en omliggende plekke. Vroeër daardie dag het eerste appellant inligting ontvang van 'n beriggewer dat die klaer in die onwettige besit van 'n vuurwapen sou wees of weet van of kontak het met iemand wat so 'n vuurwapen sou besit. Die klaer, 'n 20-jarige of volgens sy moeder 18-jarige jong man, was op daardie tydstip woonagtig by sy ouers in 'n woonbuurt van Bethlehem. Teen ongeveer middernag daardie nag het die

vier appellante by die klaer se ouers se huis opgedaag. Die huis is deursoek. Niks is gevind nie, maar die klaer is versoek om hulle te vergesel. Die appellante het met twee voertuie gery, 'n Corolla motor en 'n Isuzu bakkie. Klaer is in die Corolla motorvoertuig geplaas. Vandaar is hulle na ene David Ramalakoane, 'n buurman se huis. Dit was nadat die klaer aan die appellante aangedui het dat hy weet gesegde David het 'n vuurwapen. Aldaar is David gekonfronteer. Hy het 'n vuurwapen tevoorskyn gebring, asook sy lisensie vir die wettige besit daarvan. Vandaar is almal na die huis van ene Lena Nhlapo en is daar navraag gedoen na haar seun, Masilo. Op haar verduideliking dat Masilo te Petrus Steyn is, is haar huis deursoek. Niks van belang is gevind nie en Lena is gelas om in die Corolla te klim. Vandaar is hulle na Petrus Steyn. Aldaar is aangedoen by die huis van ene Joseph Mokoena. Navraag is gedoen oor Masilo en sy moontlike beweerde besit van 'n vuurwapen. Ook dit het niks opgelewer nie. Dit het geblyk dat gesegde Masilo terminaal siek was (hy is volgens die getuienis in die daaropvolgende week oorlede) en sedert Januarie

permanent bedlêend was. Daarop is almal weer terug na Bethlehem waar hulle teen ± 6 vm. aangekom het. Klaer is toe weer by sy ouerhuis afgelaai.

[3] Die gebeure bovermeld, word deur die klaer en die appellante bevestig en is dus nie in geskil nie. Wat wel in geskil is, is wat die klaer beweer alles aan hom gedoen was gedurende hierdie hele episode en wat hierna weergegee word.

[4] Volgens die klaer is hy toe hy by sy huis opgelaai is in die kattebak van die Corolla gelaai. By David se huis, na die vuurwapen en die lisensie daarvoor getoon was, is hy, dit is die klaer, aangesê om sy voete bymekaar te hou. Hy is toe aan sy broekspype gevat en sodanig geruk dat hy op sy sitvlak op die sementvloer geval het. Daarop het tweede appellant op sy bobene gaan sit en eerste appellant het met sy vingers onder klaer se kakebeen sy kop na bo getrek sodat hy klaer se kop as’t ware weg van sy nek getrek het. Tweede appellant het hom meermale geklap en hy is

aangesê om die waarheid te praat. Daarna het almal vertrek vanaf David se huis. Net voor 'n drankwinkel is klaer weer in die kattebak geplaas. By 'n motorhawe is hy aangesê om uit te klim en op die agterste sitplek van die Corolla te sit. Hy merk toe die voormelde Lena Nhlapo ook in die voertuig. Brandstof is ingegooi en daar is gery in die rigting van Petrus Steyn. Ongeveer 10 kilometer buite Bethlehem het die voertuie stilgehou. Klaer is beveel om uit te klim. Buite die voertuig is hy aangesê om die waarheid te praat. Hy is met gebalde vuiste geslaan en derde appellant het hom in sy ribbes geskop. Eerste appellant het 'n voorwerp, wat lyk soos 'n stok, in die Isuzu bakkie gehaal en hom op die kop daarmee geslaan. Hy is ook geklap, onder andere deur die vierde appellant, weerskante op sy ore. Daarna is hy geboei, weer in die voertuig geplaas en die geselskap is toe na Petrus Steyn. Aldaar is hulle eers na die polisiestasie en toe na 'n huis wat later geblyk het die van Joseph Mokoena te wees. Die appellante is eers die huis binne. Later is klaer gehaal uit die voertuig en die huis ingeneem. Hy is weer aangesê om die vuurwapen uit te haal, maar kon nie, want

hy het volgens hom niks geweet van ‘n vuurwapen nie. Klaer het toe drinkwater gevra. Die eienaar van die huis is aangesê om water te bring. Klaer is gedwing om meer water te drink as wat hy wou inneem. Toe hy later vra om sy blaas in die toilet te ledig, is hy aangesê om te kies of hy dit sommer daar in sy broek of in die voertuig of te Bethlehem wou doen. Daarop is hy weer aangerand. Tweede en derde appellante het hom opgelig en op die vloer laat val. Tweede, derde en vierde appellante het hom op die vloer vasgedruk en tweede appellant het op sy nek getrap. In hierdie hele proses het hy sy bewussyn verloor. Toe hy dit later herwin, het hy opgemerk dat sy broek nat was. Hy is aan sy lyfband na die voertuig gedra en daar is vertrek terug Bethlehem toe. Dit het begin reën. Klaer is beveel om uit die motor te klim en hy is agter op die bakkie vasgeboei. Terug op Bethlehem is hy na sy ouerhuis geneem. Die boeie is losgemaak en eerste appellant het hom aangesê om te loop en dat hy hom nooit weer wou sien nie. Sy vader was toe reeds weg werk toe en sy moeder op die punt om te vertrek. By hulle terugkoms die aand het hy teenoor hulle gekla van pyne in

sy lyf. Die volgende oggend het sy vader hom na die distriksgeneesheer geneem. Dié het hom ondersoek, 'n vorm voltooi en hom aangesê om 'n "dossier te gaan open". Die vorm is die tipe vorm wat 'n menslike liggaam uitbeeld en waarop met kruisies aangedui word waar op die liggaam die beserings is. Klaer het 'n klag gaan lê en die vorm wat die dokter hom gegee het aan die polisie oorhandig. Dié het dit in die dossier geplaas. Later het hy van die ondersoekbeampte, 'n speurder, verneem dat die vorm by die polisiestasie vermis geraak het. Sedert die voorval is hy hardhorend, want van die klappe teen sy ore het daar "lug by sy ore uitgekom" as hy sy neus toedruk. Aldus die klaer se weergawe van die gebeure.

[5] In kruisverhoor van die klaer is namens die appellante aangedui dat alle getuienis van enige aanranding op die klaer ontken word. Dit het meegebring dat die Staat ook die getuienis van voormelde David Ramalakoane, Lena Nhlapo en Joseph Mokoena aangebied het. Dit is slegs nodig om na hulle getuienis te verwys vir soverre dit verband hou met die

beweerde aanrandings op die klaer.

[6] Volgens David Ramalakoane het hy aan die appellante sy vuurwapen en lisensie daarvoor getoon. Tweede appellant het daarop die klaer gevat, na hom getrek en aangesê om nou die waarheid te praat. Na dit het tweede appellant die klaer op sy ore geklap. Die getuie het demonstreer dat tweede appellant met beide hande weerskante op die klaer se ore geklap het. Klaer was op daardie stadium sittende op sy boude. Daarna het eerste appellant sy duime weerskante van die klaer se kakebeen ingehaak en sy kop na bo getrek. Klaer het begin huil. Tweede appellant het op die klaer se bene gesit.

[7] Lena Nhlapo is 'n 65-jarige vrou. Volgens haar was die appellante in 'n aggressiewe bui toe haar huis deursoek is. Sy is aangesê om te gaan wys waar te Petrus Steyn haar seun, Masilo, sou wees. Toe hulle by die voertuie kom, sien sy die klaer in die een voertuig. Klaer is in die kattebak van die voertuig geplaas. Te Petrus Steyn het sy in die voertuig bly sit, terwyl die appellante die huis in is. Vierde appellant het later 'n voorwerp soos 'n kierie of 'n stok uit die voertuig kom haal en teruggestap die huis in. Sy het 'n persoon hoor huil in die huis, maar kan nie sê wie dit was nie. Later het hulle vertrek terug Bethlehem toe. Op pad het dit begin reën en klaer is toe agter op die bakkie gelaai en vasgeboei. Te Bethlehem is by 'n huis, van stene gebou, stilgehou. Die appellante het met die klaer daar ingegaan. Vierde appellant

het weer die kierie kom haal. Sy het klaer hoor huil in die huis. Dit was vir haar pynlik.

[8] Joseph Mokoena van Petrus Steyn getuig dat die appellante hom opgeklop en 'n vuurwapen in sy huis gesoek het. Toe niks gevind is nie, is die klaer beskuldig daarvan dat hy leuens vertel en hy is op die vloer gedruk. Klaer se kop is tussen een van die appellante se bene vasgeknyp. 'n Ander

het klaer se arms na agter getrek en twee ander het hom op sy sye geslaan. Klaer is so geslaan dat die getuie dit goedgedink het om die appellante te maan dat die klaer kan sterf. Klaer het sy broek benat. Eerste appellant het aan klaer gesê dat hulle hul huise, vroue en kinders agtergelaat het oor hom en tot op daardie moment wil klaer nie die waarheid praat nie. Volgens die getuie was dit "so 'n deurmekaarspul" en hyself was nog deur die slaap dat hy nie die gebeure mooi in volgorde kan weergee nie. Klaer was egter op 'n stadium ook op die vloer en sy nek was deur een van die appellante met 'n skoen vasgetrap. Een van die appellante het klaer met 'n voorwerp van 'n half meter lank geslaan. Onder kruisverhoor meld die getuie dat die klaer op 'n stadium water gevra het en dat een van die appellante buite by 'n kraan water gaan skep het.

[9] Die klaer se moeder het getuig dat toe klaer die oggend om ± 6 vm. teruggebring is deur die appellante, was sy toestand "nie goed gewees nie". Sy was haastig op pad werk toe, maar het kneuswonde op sy kop gesien. Toe sy die aand

terugkeer, het sy ook blou merke op sy rug gesien. Klaer is die volgende oggend dokter toe. Sy weet dat klaer met sy terugkoms 'n vorm in sy besit gehad het en "die beserings was daarop geskryf gewees". Sy het egter nie die vorm nagegaan nie, maar die klaer se vader het wel.

[10] Die vier appellante het al vier getuienis afgelê en in hul getuienis alle bewerings van aanranding ontken.

[11] Die verhoorlanddros het in sy evaluering van die getuienis die getuie Lena Nhlapo, as 'n eenvoudige, ongeletterde bejaarde vrou beskryf wat haarself in sekere opsigte weerspreek het en wat nie goed onthou nie. David Ramalakoane en Joseph Mokoena is egter as goeie getuies bevind. Ek kan geen fout vind met hierdie gevolgtrekking van die landdros nie. As die landdros in enige opsig in hierdie verband fouteer het, was dit die feit dat hy oënskynlik nie veel gewig aan Lena Nhlapo se getuienis geheg het nie. Al is sy eenvoudig en ongeletterd is dit ondenkbaar dat dit waaroor sy getuig het 'n verbeeldingsvlug of opsetlike leuen

aan haar kant kan wees. Met verwysing na die appellante se getuienis meld die landdros dat die appellante nie kan verklaar waar die klaer se beserings vandaan kom nie. Hy wys daarop dat as al die staatsgetuies so "samewerkend van aard was" soos die appellante te kenne gee, dit vreemd is waarom almal van hulle nou na vore kom met hierdie getuienis van aanrandings.

[12] Mnr. Reinders, namens eerste, tweede en derde appellante, en Mnr. Gilliland namens vierde appellant, het in hul betoë heelwat tyd bestee aan weersprekings tussen die getuienis van die voormelde staatsgetuies. Dit is duidelik uit wat reeds gemeld is dat daar wel heelwat weersprekings in die staatsgetuienis is. Die waarde van die ge-opperde kritiek moet egter oorweeg word teen die agtergrond van die volgende wat Erasmus Wnr AR onlangs in **<u>KOOPMAN v S</u>** 2005 (1) ALL SA 539 (A) op 549 par. 35 gesê het:

> "Die beregting van 'n feitegeskil behels nie die getel van teenstrydighede, waar die gedingsparty met die meeste punte as oorwinnaar uit die kryt tree nie. Die doel van die verhoor is om te

probeer vasstel wat op 'n bepaalde tydstip in die verlede gebeur het. Die hof is dáárvoor op getuienis aangewese. Aangesien daar slegs een waarheid is, behoort betroubare getuies se weergawes logiesgesproke 100% ooreen te stem. Dit werk ongelukkig nie so in die praktyk nie: twee of meer geloofwaardige getuies kan heeltemal van mekaar verskil. Weersprekings tussen ooggetuies in hul onderskeie beskrywings van 'n voorval beteken geensins dat die een of die ander van hulle noodwendig leuenagtig was nie, nog minder dat albei leuens verkondig het. Foutiewe herinnering van besonderhede is 'n algemene menslike tekortkoming waarvan 'n hof kennis moet neem alvorens getuies as meinedig afgemaak word. Die inagneming van weersprekings het wel 'n plek in die beoordeling van die getuies se geloofwaardigheid, maar met versigtigheid en toepassing van gesonde oordeel. Die aard van die teenstrydighede moet in aanmerking geneem word: hul kan wesenlik òf onbeduidend van aard wees – met oneindige graadverskille tussen die twee pole; weersprekings op sydelingse aspekte is selde van veel waarde. 'n Verhoorhof kan met goeie gevolg die volgende opmerkinge voor oë hou (*S v Mkohle* 1990 (1) SASV 95 (A) at 98f-g):

> 'Contradictions *per se* do not lead to the rejection of a witness' evidence. As Nicholas J, as he then was, observed in *S v Oosthuizen* 1982 (3) SA 571 (T) at 576B-C, they may simply be indicative of an error. And (at

> 576G-H) it is stated that not every error made by a witness affects his credibility; in each case the trier of fact has to make an evaluation; taking into account such matters as the nature of the contradictions, their number and importance, and their bearing on other parts of the witness' evidence.'

> Hierdie opmerkinge geld eweneens vir Staats- en verdedigingsgetuies."

[13] Dit blyk uit die getuienis dat Joseph Mokoena van Petrus Steyn glad nie die klaer geken het nie en dat Lena Nhlapo hom net van sien, ken. Die getuienis van die appellante is dat die klaer se getuienis van aanranding 'n totale leuenagtige versinsel is. As dit so is, vind ek dit ondenkbaar dat die klaer daarin kon slaag om hierdie getuies te beweeg om valslik voormelde getuienis van aanrandings aan die hof te kom opdis. Dit geld veral die getuienis van die getuie van Petrus Steyn. Daardie weersprekings in die staatsgetuienis wat wel bestaan, is myns insiens van so aard dat dit nie die aanvaarbaarheid van daardie getuienis affekteer nie.

[14] Mnr. Reinders het gewag gemaak van die feit dat daar geen onafhanklike getuienis is aangaande die klaer se beserings nie. Hy sê dat die vorm wat die distriksgeneesheer aan die klaer gegee het, dalk kon aandui dat die klaer inderdaad geen beserings gehad het nie. Die versuim om dit as bewysstuk in te dien, betoog hy, bring mee dat die vernaamste rede vir die verwerping van die appellante se getuienis naamlik dat hulle nie die klaer se beserings kan verduidelik nie, op onseker grondslag berus. Die landdros meld in sy uitspraak as volg hieroor:

> "Wat die getuienis dan oor die algemeen betref, globaal gesien, het die Hof geen twyfel daarin dat James wel aangerand is nie. Waarom sal hy dokter toe gaan? Waarom sal 'n vorm J88 wegraak? Waarom sal hy weer dokter toe gaan en getuig oor beserings? Sy moeder bevestig dat hy beseer is. Die feit wat staan soos 'n paal bo water is dat James aangerand is. Nie een van die beskuldigdes het 'n verduideliking daarvoor nie. Hulle getuienis is 'n ontkenning. Hulle sê dat hulle nie beserings gesien het nie. Ek weet nie hoe dit moontlik is dat hulle nie die beserings kon sien nie. Daar is 'n paar getuies wat getuig oor aanranding. Daar is geen getuienis dat James - ek praat nou van die kant van die Verdediging, dat James rondgeskommel sou gewees het in

> die voertuie en miskien sy kop op daardie wyse self sou gestamp het nie. Dit maak ook geen sin dat James homself sou beseer nie. So is dit dan by wyse van noodwendigheid wat die Hof bevind dat dit die beskuldigdes is wat vir James aangerand het." (Vergelyk p. 210 van die oorkonde.)

Ten aansien van die feit dat die distriksgeneesheer se vorm, dit is die gebruiklike vorm J88, nie as getuienis deur die Staat gebruik was nie, meld die landdros as volg:

> "Die vorm het intussen verlore geraak, klaarblyklik by die polisiestasie en het die vorm op een of ander misterieuse wyse verdwyn." (Vergelyk p. 203 van die oorkonde.)

Indien die landdros hiermee te kenne wou gee dat die verdwyning van hierdie belangrike stukkie getuienis vir hom suspisieus is, stem ek daarmee saam. Wie anders as die appellante kan 'n belang daarby gehad het dat hierdie vorm onverklaarbaar soek geraak het?

[15] Mnr. Gilliland, namens die vierde appellant, het betoog dat die vierde appellant se posisie anders is as dié van die ander drie appellante. Hy voer naamlik aan dat die landdros

fouteer deur vierde appellant se skuld te baseer op sy nalate om in te meng toe die ander appellante die klaer aangerand het. Hierdie betoog vind sy grondslag in 'n ietwat ondeurdagte uitlating van die landdros aan die einde van sy uitspraak en wat as volg lui:

> "Daar waar die beskuldigdes teenwoordig was terwyl hulle kollegas die klaer aangerand het en hulleself nie aangerand het nie, maar toegesien het en niks daaraan gedoen het nie, is hulle skuldig as medepligtiges. 'n Handeling kan verrig word deur 'n doen of 'n late, 'n kommissie of 'n omissie. Nie een van die beskuldigdes is bereid om oop kaarte met die Hof te speel en oor hulle presiese aandeel in die saak te getuig nie, dus maak die een wat die minste aangerand het homself net so skuldig aan die pleging van die misdaad soos die een wat die meeste aangerand het - ek praat byvoorbeeld van beskuldigde nr. 1 en van beskuldigde nr. 4. Beskuldigde nr. 4 het nooit vir beskuldigde nr. 1 gesê hy moet ophou met wat hy doen nie, hulle is op die verkeerde pad nie." (Vergelyk p. 215 van die oorkonde.)

Dít, betoog Mnr. Gilliland, is regtens nie houdbaar nie. Medepligtigheid verg, aldus die betoog, 'n handeling en kan nie deur 'n blote versuim tot stand kom nie. Of Mnr. Gilliland korrek is in hierdie betoog van hom, (vergelyk Strafreg: C.R.

Snyman $4^e$ Uitgawe bl. 57 en 58 wat ‘n teenoorgestelde siening huldig) is egter nie nodig om tans te beslis nie. Mnr. Gilliland sou in hierdie verband kon byvoeg dat die vierde appellant in elk geval nooit aangekla was op die basis dat sy aanranding van die klaer tot stand gekom het deurdat hy versuim het om die ander drie appellante se aanranding op die klaer te verhoed, terwyl daar ‘n regsplig tot daardie effek op hom sou gerus het nie. Hy was dus nooit geroepe om so ‘n saak te ontmoet nie en dit was trouens ook nooit die staatsgetuienis teen hom nie. (Vergelyk in hierdie verband **S v GABA** 1981 (3) SA 745 (O) veral op 752 en verder.) Die realiteit is egter dat die getuienis van klaer, Joseph Mokoena en Lena Nhlapo, al drie, die vierde appellant uitdruklik betrek by van die geleenthede van aanranding op die klaer. Dit is origens duidelik dat die vier appellante deurgaans gesamentlik opgetree het en ‘n gemeenskaplike oogmerk gehad het. Nooit het vierde appellant enige aanduidings gegee dat hy homself distansieer van die handelinge van enige van die ander appellante nie. Die landdros het dan ook pertinent so bevind. Dit was gevolglik heeltemal onnodig

en inderdaad verwarrend van die landdros om enige van die appellante se aanspreeklikheid te oorweeg op die basis van die moontlike versaking van ‘n regsplig.

[16] Die appellante is elk gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf opgelê ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977 plus ‘n verdere 6 maande gevangenisstraf welke opgeskort is vir 4 jaar op voorwaarde dat die appellante nie weer skuldig bevind word aan aanranding of roof gepleeg gedurende die periode van opskorting nie. ‘n Maatskaplike werker van die Departement Korrektiewe Dienste het ‘n verslag ten aansien van elkeen van die appellante opgestel en ook mondelinge getuienis in die hof afgelê. Sy het bevind dat elk van die appellante goeie en stabiele werksrekords het en geen maatskaplike- of persoonlikheidsprobleme is geïdentifiseer wat behandeling of toesig benodig nie. Haar aanbeveling was dat die appellante opgeskorte vonnisse opgelê moet word. Die polisie offissier onder wie se bevel die vier appellante gedien het, se getuienis was dat al vier die appellante pligsgetroue en

harde werkers is wat 'n groot aanwins vir die polisie is. Daar is volgens hom nooit tevore probleme met aggressiewe gedrag in die uitvoering van enige een van die appellante se pligte opgemerk nie. Die eerste appellant is 30 jaar oud, 'n eerste oortreder en getroud. Hy het graad 12 op skool behaal en het 13 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Die tweede appellant is 32 jaar oud, 'n eerste oortreder, getroud en die vader van een kind. Hy het graad 12 op skool behaal en het 13 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Derde appellant is 35 jaar oud, 'n eerste oortreder en 'n wewenaar met geen afhanklike kinders nie. Hy het graad 12 op skool behaal en het 13 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Vierde appellant is 28 jaar oud, 'n eerste oortreder, ongetroud en het graad 12 op skool behaal. Hy het 11 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

[17] Mnr. Reinders, namens die eerste, tweede en derde appellante, het in sy betoog ten aansien van vonnis aangedui dat al sou hy ook graag wou, hy nie met enige

vertroue enige betoog kan voorlê dat die vonnis onvanpas is nie. Ek meen dat Mnr. Reinders korrek was in hierdie houding. Mnr. Gilliland, namens die vierde appellant, het vir oorweging gegee dat sy kliënt vanweë ‘n aangevoerde mindere aandeel in die gebeure, meer simpatie van die landdros moes ontvang het. Op grond van wat reeds gesê is, meen ek nie dat daar enige onderskeid in die vonnisse van die appellante gemaak behoort te word nie. Terwyl dit jammer is dat klaarblyklik nuttige en pligsgetroue polisiebeamptes gevangenis toe gestuur moet word, meen ek dat die gebeure so ‘n gevolg onvermydelik maak. Hierdie is ‘n geval van blatante magsmisbruik waartydens klaer en selfs van die getuies onderwerp is aan erge vernedering en hardhandigheid. Uiteindelik toe dit blyk dat dit alles niks oplewer nie, is die klaer eenvoudig afgelaai en beveel om homself so uit die voete te maak dat hy nooit weer gesien word nie. Terwyl dit nie te kenne gegee wil word dat dit minder ernstig sou wees as die aanranding op die klaer in afsondering gepleeg was nie, is die feit dat die klaer op verskillende geleenthede aangerand word ten aanskoue van

verskeie onafhanklike getuies, 'n aanduiding van die vermetelheid en gewaande onaantasbaarheid waarmee die appellante as polisiebeamptes opgetree het. Dit is onverskoonbaar en verdien die ernstigste afkeur van 'n geregshof. Nie een van die vier appellante is onervare polisiebeamptes wat vanweë jeugdige voortvarendheid foutiewelik kon oordeel dat howe en die gemeenskap die oë sal sluit vir die gebruik van geweld by die ondersoek van misdrywe nie.

[18] Mnr. Gilliland het, meen ek, tereg daarop gewys dat die insluiting van roof by die voorwaardes van opskorting, onvanpas is. Dit behoort geskrap te word.

Bygevolg word die appèl van al vier die appellante afgewys en die skuldigbevindings sowel as die opgelegde vonnisse word bekragtig met die voorbehoud dat die misdryf roof geskrap word uit die voorwaardes waarop die opgelegde 6

maande gevangenisstraf opgeskort is.

______________

**C.B. CILLIé, R**

Ek stem saam.

______________

**J.P. MALHERBE, RP**

| | |
|---|---|
| Namens 1ste, 2de en 3de appellant: | Adv. S.J. Reinders<br>In opdrag van:<br>Naudes |
| BLOEMFONTEIN | |
| Namens die 4de appellant:<br>In opdrag van: | Adv. J. Gilliland<br><br>Kramer, Weihmann & Joubert<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent:<br>In opdrag van:<br>DOV<br>BLOEMFONTEIN | Adv. C.F. Steyn |

/sp